

Peter Venter
Gereformeerde Kerk Trinitas Oggenddiens
2017-08-06
Judas 3-19
Fokusverse: 3 & 18

Judas 3-19

Fokus – Vers 3 & 18

God het ons afgesonder om teen dwaling te stry in die geloof

Diere is geskep om deur hulle drange beheer en gedryf te word. Hierdie instink is dit wat 'n leeu dryf om te jag, om swaeltjies te dryf om te migreer en miere om kos te versamel.

Die mens verskil egter van die dier daarin dat ons drange ons nie beheer nie – dit alleen getuig reeds van God se genade. Ongelukkig weens die sondeval en die sondige wêreld word soveel mense deur hulle drange gedryf – God gee hulle ook oor aan hulle eie drange.

Hierdie mense dring egter die kerk en ons gemeenskappe ook binne. Dit is egter nie altyd ooglopend en duidelik nie.

Daarom het God ons ook afgesonder om teen hierdie dwalings te stry wat ons aanval.

God rus ons toe om teen hierdie dwalings te stry:

- God het ons deur Sy uitverkiesing reeds toegerus
- Hy gee vir ons die Waarheid deur Christus en Sy woord
- Hy roep ons op om tot die dood toe te stry vir ons geloof

Op grond hiervan is ons diensknegte van die Here en nie slawe van ons eie drange nie.

God het ons deur Sy uitverkiesing reeds toegerus

- *4. Die toorn van God bly op hulle wat hierdie evangelie nie glo nie. Hulle wat die evangelie egter aanneem en die Verlosser, Jesus, met 'n ware en lewende geloof omhels, word deur Hom van die toorn van God en van die verderf verlos, en Hy skenk hulle die ewige lewe*
 - So lui hoofstuk 1.4 van Dordtse leerreëls.

- Daar is duidelik twee groepe mense:
 - Een groep is verlos deur die genade van God
 - Die ander groep het nie deel aan die verlossing nie
- Hierin sien ons dat God se uitverkiesende genade ons deel maak aan die groep wat deel het aan die verlossing van Christus.
 - Ons het in die prediking die laaste paar sonde duidelik gehoor hoe ons geloof ons dryf om oor te gaan in goeie werke om te getuig van dankbaarheid.
 - Die Godgegewe geloof is die dryfveer agter ons optrede.
- In Judas lees ons egter dat hulle wat nie uitverkies is nie, deur hulle eie drange gedryf word.
 - Dit is juis op grond van hierdie mense se optrede dat Judas gedryf word om die brief te skryf.
 - Hy skryf aan die gelowiges aan wie hierdie brief gerig is met 'n vaste doel.
 - Hy spoor hulle aan om te stry vir die geloof
 - Die geloof wat gegee is vir die wat vir God afgesonder is.
- Hierdie afsondering het dieselfde waarde as om uitverkies te wees.
 - Die woord "heilig" beteken om afgesonder te wees in diens van God.
 - Daarom kan ons ook glo dat ons reeds besig is om deur Christus heilig te word.
 - In hierdie heiligmaking ontvang ons ook die toerusting om vir die geloof te kan stry.
 - God gee vir ons die geloof sodat ons vir daardie geloof sal stry.
- Judas maak dit duidelik dat hy verplig voel om vir die aanhoorders te skryf.
 - Hy skryf nie uit eie vreugde, oproep om begeerte nie.
 - Deur die werking van die Heilige Gees word hy gedryf om te skryf oor die stryd vir die geloof.
 - Die woord wat gebruik word vir verplig, beteken om sonder dat jy beheer daaroor het, tree jy op soos wat die drang jou dwing.
 - Hierin sien ons die kontras tussen die uitverkorenes en die wat nie uitverkies is nie.
 - Waar die verlore nes deur eie drange gedryf word, word ons gedryf deur die geloof wat die Heilige Gees in ons opwek.
 - Net so word ons ook gedryf om te stry vir ons geloof.

Hy gee vir ons die waarheid deur Christus en Sy woord

- Judas maak 'n vreesaanjaende element bekend wanneer hy sê dat van hierdie mense wat oorgegee is aan hulle eie drange, ons kerk binne tree.
 - Hulle is hier onder ons.
 - Ons word ook egter duidelik geleer hoe om die mense raak te sien.
 - Hulle misbruik die genade van die Here
 - Hulle word beskryf as doelloos
 - Wolke wat nie reën bring nie
 - Bome wat nie vrug dra nie
 - Hier sien ons weer dat mense se woorde en daede nie bymekaar uitkom nie
- Dan kom ons terug by die beginsel
 - Stry vir die geloof!
 - Hou vas aan die vaste waarheid
 - Moenie dat hierdie doellose misbruikers van God se genade die oorhand kry nie.
- Deur die woord en Christus wat in ons is het ons die vermoëns om te onderskei tussen die waarheid en die valse leer.
 - Ons word toegerus deur die woord om te kan weet wat is die waarheid en wat is die leuen waarmee die satan die wêreld wil verlei.
- Deur die genade van die Here gedenk ons hierdie jaar die 500 jaar van die reformatie.
 - So sien ons deur die eeue hoe Christus ook sy kerk lei om die waarheid op te soek
 - Daarom hou ons ook vas aan die gesonde leer
 - Ons glo en volhard in die geloof dat die leuen ons nie sal binne dring nie en daarom kan ons ook steeds glo dat Christus sy kerk bewaar ondanks die gevare wat dreig.
- Die 5 beginsels van die reformatie wat ons uit die Skrif uit aflei is steeds ook vir ons geldig om ons ook toe te rus om die gesonde leer te beoordeel.
 - Slegs die Woord van die Here is die ware gesag.
 - Ons kan nie ander woorde as die waarheid van God ag nie.
 - Slegs deur geloof word ons gered
 - Niks wat ek van my kan af doen kan bydra tot my verlossing nie
 - Slegs op grond van genade word ons gered
 - Ek verdien nie die verlossing wat Christus aan my geskenk het nie
 - Slegs deur die verlossende werk van Jesus Christus is ek verlos van die ewige dood.
 - Daarom kom al die eer Christus toe.

Stry tot die dood toe vir jou geloof

- Meeste van ons stry maklik oor geloof.
 - Maar dis heeltemaal iets anders om vir jou geloof te stry.
 - Die woord wat Judas gebruik vir stry beteken om volkome jouself oor te gee vir die saak waartoe jy veg.
 - Gee jou alles vir jou geloof.
- Om te stry vir jou geloof beteken nie dat ek toegesluit moet word omdat ek bely ek is 'n gelowige nie.
 - Hierdie stryd begin by die huis, wanneer ons ondanks my warm bed sal opstaan en saam as gesin huisgodsdien hou.
 - Die stryd vir jou geloof beteken dat ek iemand sal aanspreek wanneer hy die naam van die Here laster.
 - Die stryd beteken dat ek mense sal waarsku wanneer iemand 'n verkeerde leer aanhang.
 - Dit beteken ek sal my vriend aanspreek as sy taalgebruik nie getuig van Christus se genade nie.
 - Dit gaan egter nie maklik wees nie
 - Die waarheid van die evangelie is nie altyd iets wat populêr is in die kringe waarin ons beweeg nie.
 - Die wêreld is so oorgelaat aan hulle eie drange, dat die waarheid van die Woord van God 'n vreemde ding is wat nie is wat die wêreld wil hoor nie.
- Tog sê Judas nie dat ons moet gaan gesels oor ons geloof nie.
 - Nee die Heilige Gees dryf hom om ons op te roep om te stry vir ons geloof.
 - Dat ek die eie ek sal prysgee, en die woord van die Here sal uitdra.
 - Dat ek met woord en daad sal getuig oor die genade van die Here dat Hy ons uitverkies het.
 - Moenie bang wees om die leuen aan te spreek nie.
 - Wanneer ons die woord van die Here ken, word dit ook makliker vir ons om die leuen aan te spreek.
 - Paulus maak dit vir ons duidelik wat die omvang van hierdie stryd is wanneer hy aan Timoteus skryf in 1 Tim. 4:1-3
 - *1Die Gees sê uitdruklik dat in die eindtyd sommige afvallig sal word van die geloof. Hulle sal misleidende geeste navolg en die leerstellings van bese geeste aanhang. 2Hierdie dwaalleraars is skynheilige leuenaars wie se gewete toegeskroei is. 3Hulle verbied mense om te trou en om bepaalde soorte kos te eet. Maar God het die voedsel*

*gemaak, sodat dié wat glo en tot die kennis van die
waarheid gekom het, dit met danksegging kan gebruik.*

Slot:

- Die uitverkiesing is nie 'n vreesaanjaende gedagte waarmee God onregverdig met mense omgaan nie.
 - Nee juis in hierdie genadige optrede wys God Sy liefde aan sy kinders wat Hy vir hom afgesonder het.
 - Hou daarom vas aan jou geloof.
 - Stry vir jou geloof.
 - God het jou toegerus met die geloof om nie deur jou eie drange beheer te word nie, maar om soos 'n geesvervulde kind van God te leef as teken van ons dankbaarheid.